# RAILTON






## Op koers

*Die Biblioteekdiens en munisipaliteite gaan onverpoos voort met hul strewe om gemeenskappe van biblioteekfasiliteite te voorsien en sodoende die gebruik van biblioteke en biblioteekmateriaal te bevorder.*

*Op hierdie en die daaropvolgende bladsye pronk die splinternuwe biblioteke van die gemeenskappe van Railton en Genadendal. Om in die toenemende behoeftes van die gebruikers in Suurbraak en Pniel te voorsien, is bestaande geboue omgeskakel om biblioteke te huisves.*






*Kloksgewys van regs bo:*

*Die ingang met stylvolle pilare in 'n warm kontrasterende kleur met duidelike groot letterwerk in drie tale daarbokant verwelkom biblioteekgebruikers*

*Die afdeling vir volwassenes is goed toegerus*

*Studente en ouer gebruikers benut die naslaan- en leesarea goed*

*Die kleurvolle kinderafdeling is 'n ware aanwins vir die gemeenskap. Kleuters en ouer kinders kan uit 'n groot verskeidenheid boeke kies*

*'n Gebruikersvriendelike diens is een van Heloïse Pekeur se strewes in Railton Biblioteek*

*Novellin Satira is vriendelik en hulpvaardig by die toonbank*





### STATISTIEK

| | |
|---|---|
| Amptelike opening | 1 Augustus 2002 |
| Boekvoorraad | 10 407 |
| Jaarlikse sirkulasie | 22 680 |
| Ledetal | 1 026 |
| Personeel | 2 |
| Vloeroppervlakte | 282 $m^2$ |
| Subsidie van die Biblioteekdiens | R900 000 |

# GENADENDAL

*Kloksgewys van bo regs:*

*Die bekoorlike biblioteekgebou op die oudste sendingstasie in Suidelike Afrika is geleë in die Overberg distrik*

*Die pragtige muurversierings in die afdeling vir ouer kinders is deur 'n kunstenaar van die omgewing geskilder*

*Die kleuterafdeling waar die jongspan na hartelus kan lees, is ook pragtig versier*

*(Vlnr): Audrey Jellen, Yolanda Julies en Grace Present by die toonbank*

*Kindertjies moet hulle hande was voordat hulle boeke mag hanteer*

*Die ruim volwasse afdeling bied iets vir elke smaak. Die kunstige Kersversierings is deur die personeel uit herwonne afvalmateriaal gemaak*
















### STATISTIEK

| | |
|---|---|
| Amptelike opening | 23 Julie 2002 |
| Boekvoorraad | 12 000 |
| Sirkulasie (Augustus - Oktober 2002) | 8 126 |
| Ledetal | 835 |
| Personeel | 4 |
| Vloeroppervlakte | 430m$^2$ |
| Subsidie van die Biblioteekdiens | R1 100 000 |

# SUURBRAAK











*Kloksgewys van bo links:*

*Die vooraansig van die gebou in 'n eenvoudige Kaaps-Hollandse styl wat die biblioteek huisves. Die Raad van Swellendam Munisipaliteit het die ou Raadsaal van Suurbraak beskikbaar gestel as 'n lokaal vir die biblioteek*

*Kinders is ywerige gebruikers van die biblioteek*

*Jong gebruikertjies besig in die naslaanafdeling*

*Ancel Phillips aan diens by die toonbank*

*Die volwasse afdeling word ook druk gebruik*

### STATISTIEK

| | |
|---|---|
| Opening | 28 Junie 2002 |
| Boekvoorraad | 3 558 |
| Jaarlikse sirkulasie | 11 532 |
| Ledetal | 917 |
| Personeel | 1 |
| Vloeroppervlakte | 43,55m$^2$ |
| Subsidie van die Biblioteekdiens | Biblioteekrakke |

# PNIEL

*Kloksgewys van bo regs:*

*Lesers geniet die aangename atmosfeer in die naslaan- en leesarea*

*Die bedrywige kinderafdeling met die naslaan-versameling in die voorgrond*

*Meer volwassenes in die gemeenskap as kinders is lede van die biblioteek*

*Claire Mentoor (links), bygestaan deur Afdil Davids, lewer 'n vriendelike diens aan biblioteekgebruikers*

*Die studiesaal is 'n aparte lokaal wat op aanvraag vir studente beskikbaar gestel word*

*Die goeie beligting in die kinderafdeling skep 'n omgewing waarin kinders tuisvoel*














## STATISTIEK

| | |
|---|---|
| Amptelike opening | 3 April 2002 |
| Boekvoorraad | 8 296 |
| Sirkulasie (April - September 2002) | 32 182 |
| Ledetal | 1 007 |
| Personeel | 2 |
| Vloeroppervlakte | 77m$^2$ |
| Subsidie van Biblioteekdiens | R40 000 |